# NA U VERMOË

DS. L.H. STAVAST

'N WOORD OOR
DIE BYBELSE OPVOEDING
VAN ONS KINDERS

DS. L.H. STAVAST

# *Na u vermoë*

'N WOORD
OOR DIE
BYBELSE OPVOEDING
VAN ONS KINDERS

AAN MY EGGENOTE EN ONS KINDERS:
HENK, HARM, ARIE, INA, ELDA, LIZETTE.

# INHOUD

VERANTWOORDING....5
I DIE BYBEL OOR ONS KINDERS....6
II ONS DOOPBELOFTE....8
III HUISGODSDIENS....11
IV HOE, WAT, WANNEER?....19
V DIE HUISKATKISASIE....25
VI HELPENDE HANDE....27
VII SAAM KERK TOE....29
VIII OOK DIE SKOOL....33
IX LEWE UIT DIE BYBEL....39
X. ONTHOU U NOG?....42

# VERANTWOORDING

Ons kinders is ons beste belegging; 'n belegging vir die ewigheid.

Maar baie ouers wat verskriklik besig is in hulle daaglikse arbeid, bestee aan hierdie talente wat God aan hulle toevertrou het, die minste sorg en arbeid.

O ja, aan die tydelike welsyn van ons kinders offer ons nog wel heelwat op: al ons geswoeg en gesweet as ouers gaan immers vir die toekoms van ons kinders, nie waar nie? Maar aan dit wat nog soveel belangriker is: aan die ewige toekoms van ons nageslag, word soveel minder tyd en aandag bestee.

Die skrywer self moes dit met skaamte agterkom.

Om homself en ander ouers op te wek om ernstiger in hulle verbondstaak te arbei, is hierdie werkie geskryf.

Dit is — en dit kan dit in so 'n kort bestek ook nie wees nie — geen volledige handleiding vir die godsdienstige opvoeding van ons jeug nie.

Dit is alleen maar 'n hartlike oproep aan ouers om hulle kinders na Jesus Christus, dié inhoud van die Bybel, te bring, om hulle doopbelofte weer doodernstig te neem: om hulle "na u vermoë" te onderrig.

Mag dit as sodanig ryke seën versprei.

L.H. Stavast.
Pastorie, Derdepoort
Herfs 1963.

# I DIE BYBEL OOR ONS KINDERS

Voordat ons oor ons kinders en die Bybel praat moet ons eers weet wat die Bybel oor ons kinders sê.

Want die Bybel kom tot elke gelowige ouer met ŉ besondere woord oor hulle kinders, die woord naamlik dat God nie net met die ouers nie maar ook met hulle kinders sy verbond oprig.

Die HERE het in die verre verlede alreeds tot Abraham, die vader van al die gelowiges, en daarom ook tot ons en ons kinders gespreek: "Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte, tot ŉ ewige verbond, om vir jou ŉ God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17:7; vgl. Doopformulier). Dit staan in die eerste boek van die Bybel. En verder dra die hele Skrif hierdie gedagte.

As Petrus die eerste preek in die Nuwe-Testamentiese kerk hou, is sy teks Joel 2:28 e.v.: "En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom ..."

Daar word die jeug en die ouderdom dus in een asem genoem as die draers van die beloftes van God. Daarom is die "toepassing" van die preek dan ook: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word ... want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep" (Hand. 2:38, 39).

Die apostel gryp hier terug op sy teksvers en ook op ŉ woord soos Jesaja 54:13: "En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees".

Die Doopformulier wys ook nog op die seën van die Here Jesus vir die kinders van verbondsouers: "Só het Christus hulle ook omhels, die hande opgelê en geseën" (Mark. 10:16).

Ons kinders staan dus volgens hierdie en nog baie ander uit-

sprake van die Skrif — ons kan nie ai die tekste wat oor die kinders van die gelowiges handel, hier aanhaal nie; u moet self by u Skrif lesing daar besonder op let en u kinders daarop wys; — ons kinders staan dus in ’n besondere betrekking tot die HERE.

Hulle is anders as die kinders van die ongelowiges.

Hulle is verbondskinders!

Dit beteken dat God hulle sy Vaderhand toesteek en sy Vaderhart open; dat Hy hulle belowe: Ek wil julle God wees, en julle mag my kinders wees!

Dit beteken ook dat die kind van sy kant die HERE moet dien en liefhê met sy hele hart, met sy hele siel, met sy hele gemoed en met al sy kragte, dat hy die wêreld moet versaak, sy ou natuur moet kruisig en in ’n godsalige lewe moet wandel (vgl. Doopformulier).

In die verbond van God is daar twee dele: belofte en eis!

En daardie twee dele geld nie alleen vir die volwassenes nie; die geld ook vir die kinders van die gelowiges.

Hulle is dus kinders met ’n besondere genade maar ook met ’n besondere opdrag.

Daarom roep Paulus ook sy jeugdige metgesel Timothéüs op: “Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon!” (2 Tim. 1:14). By Timothéüs kan ons ook die verbondslyn so pragtig volg: “... die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunice ...” (2 Tim. 1:5).

Ons kinders het dus ’n unieke plek in die wêreld waarin hulle opgroei. Daardie besondere plek van genade én roeping is aan hulle beteken en verseël in die doop, wat ’n teken en seël van die verbond is. Ons kinders is gedoopte kinders. En as ons as ouers daardie doop nie “uit gewoonte of bygelowigheid” laat toedien het nie, sal ons daarmee by die opvoeding van ons kinders elke dag rekening hou. “Na u vermoë!”

# II ONS DOOPBELOFTE

By daardie doop was God met hulle besig: Hy het sy verbond aan hulle in die tekentaal van die doopwater beseël.

Maar by daardie doop was die ouers óók met hulle kinders besig: hulle het die doopbelofte afgelê, waarin hulle voor God en sy gemeente verklaar het dat hulle "hierdie kinders, as hulle tot hulle verstand gekom het ... in dié leer na hulle vermoë sal onderrig of laat onderrig".

Die ouers belowe dus, ja, hulle swéér dit voor die God van die verbond, om die kinders "in dié leer ..." te onderrig of te laat onderrig.

Watter leer is dit?

Die antwoord op hierdie vraag vind ons in die tweede doopvraag wat ons as ouers met 'n "ongeveinsde Ja!" beantwoord het.

"Ten tweede, erken u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof vervat is en in die Christelike Kerk alhier geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is?"

Ons het dus belowe om sorg te dra vir die onderrig van ons kinders in die "waaragtige en volkome leer van die saligheid".

Daardie leer vind ons in die Bybel, in al die boeke van die Ou en Nuwe Testament. (In die Artikels van die Christelike geloof word dit saamgevat.)

Die Bybel leer ons die weg tot saligheid. En die weg is niemand anders nie as Jesus Christus, wat van Homself getuig: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh. 14:6).

Die Skrif onderrig ons dus aangaande Jesus Christus. Dit gaan in die hele Bybel om Hom, want: " ... die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word

nie" (Hand. 4:12).

Ons het, met ander woorde, by die doop van ons kinders dus belowe om hulle by Christus Jesus te bring!

Hy is die Hoof en die Middelaar van die verbond wat God ook met hulle gesluit het. Die wel-dade van die verbond kan hulle alleen deelagtig word as hulle Jesus Christus ken as hulle Verlosser en Saligmaker, as die Voleinder ook van hulle onvolmaakte geloof.

Van Genesis tot Openbaring spreek die Bybel van die komende, die gekome en die wederkomende Christus.

Om ons kinders by Hom te bring moet ons hulle dus by die Bybel bring.

Dit is ons verantwoordelikheid as ouers.

Wél het ons belowe "om hulle te onderrig of: te laat onderrig", maar daardie "of" mag ons nooit só verstaan dat as ons self nie die tyd of die lus het om dit te doen nie, ons dit dan maar aan ander, bv. aan die kerk of die skool, kan oorlaat om ons kinders by die Bybel te bring nie!

Nee, dit dui alleen maar aan dat daar ook nog ander middele is waardeur die kinders in die leer van die saligheid onderrig kan word, en dat ons ook van daardie middele gebruik sal maak.

Die hele onderrig van die kinders in die Skrif bly dus, volgens die afgelegde belofte, die besondere verantwoordelikheid van die ouers! Kerk en skool tree slegs aanvullend en uitbreidend op.

Maar ook ten opsigte van die kerklike en skool» onderrig van die kind het die ouer self die eerste en die hoogste verantwoordelikheid.

Die ouer moet toesien dat die kind onderrig ontvang én dat daardie onderrig, nie alleen tuis nie maar ook in die kerk en in die skool, die leer is wat "... in die Christelike Kerk alhier geleer word".

Die Gereformeerde ouer moet dus sorg dat die kind in die Gereformeerde leer, wat die waaragtige en volkome leer van die sa-

ligheid is, onderrig word, én deur homself én deur die kategeet én deur die onderwyser.

Met minder kan 'n gelowige ouer nie tevrede wees nie.

Die hele opvoeding en dan veral die godsdienstige opvoeding van sy kind is in die eerste plek die verantwoordelikheid van vader en moeder.

Hierdie gedagte van die ouerlike verantwoordelikheid vir die uitvoering van hulle doopbelofte is dan ook heeltemal Skriftuurlik.

Lees maar al die vermanings aan die ouers in Israel om self aan hulle kinders die Woord van die HERE te leer!

Ons haal slegs Deut. 6:6, 7 aan: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy (die ouer!) moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan".

So vermaan Paulus ook die vaders as hoofde van hulle gesinne: "En, vaders, moenie jul kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here" (Ef. 6:4). En Timotheüs moet bly in dit wat hy geleer het, "... omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (2 Tim. 3:14, 15). Onthou u nog hoe Timotheüs opgevoed is in die Skrifte en die geloof van die Skrifte deur sy grootmoeder en moeder? Dit was hulle verantwoordelikheid waarvan hulle later sulke mooi vrugte gesien het!

Omdat ons verbóndsouers is, is ons kinders verbóndskinders en rus die verantwoordelikheid vir hulle verbóndsonderrig op óns!

# III HUISGODSDIENS

Die eerste plek waar die doopbelofte uitgevoer moet word, is die huislike kring.

Die gebod om die Woord van die HERE by die kinders in te skerp begin dan ook met die bevel om daaroor te praat … as jy in jou huis sit …”

Tuis is die domein waar vader en moeder in die eerste plek hulle profetiese, priesterlike en koninklike Christenroeping teenoor mekaar en saam teenoor die kinders moet uitoefen.

En een van die middele waardeur hulle hulle roeping as verbondsouers kan uitlewe, is wat ons noem: “Huisgodsdiens”.

In die huisgodsdiens kom ouers en kinders saam rondom die Woord van die HERE, om uit daardie Woord te hoor van Jesus Christus, die Hoof van die verbond en dus ook die Hoof van die gesin. Hulle luister saam na sy stem as die HERE spreek van die weldade en die eise van die verbond wat Hy met daardie gesin opgerig het.

Die geskikste tyd om as gesin saam rondom en onder die Woord te buig is wel daardie tyd waarop die hele gesin saam byeen is: by die maaltyd. Daar waar ons die HERE dank en bid vir sy seën oor ons natuurlike bestaan, soek ons Hom ook vir sy verbondseën in ons geestelike lewe. Die natuurlike en die geestelike, wat in die lewe van ’n kind van die verbond nooit geskei kan word nie, vloei by die maaltyd op sy skoonste ineen.

Die maaltyd is die teken van die saamhorigheid van die gesin wat nie deur mensehand of deur mense-keuse byeengebring is nie maar deur die skeppingshand van God Self. Die gesin is die hoogste skeppingswonder van God.

Nou weet ek wel dat in ons gejaagde tyd daardie gesinsband besig is om te verbrokkel, dat die huis vir baie hoogstens nog ’n soort hotel is waar elkeen nog maar net kom om op sy eie tyd te

kom slaap en eet en dat die simboliek van die gesamentlike maaltyd by baie alreeds heeltemal ontbreek.

Werkende vaders en werkende moeders en … losgeslane kinders!

Maar moet hierdie skrikwekkende ontbindings-verskynsel van ons atoom- en gesinsplitsende tyd dan nie vir ons Christenouers die teken wees om nog baie meer as in rustiger dae die gesinsband te hou nie?

Moet dit dan nie vir ons die teken wees om dan maar liewer met minder klaar te kom en meer beskeie te lewe, sodat ons ten minste daardie primêre band wat God gele het, nie vernietig ten koste van die ewige welsyn van die kinders wat God aan ons toevertrou het nie?

Christenmoeders wat werk, en Christenvaders wat altyd op pad is: Kan dit nou werklik nie anders nie?

Dink tog met vrees en bewing aan die onberekenbare skade en leed wat u — in teëstelling met wat u bedoel — u kinders aandoen!

U wil tog liewer ’n minder blink huis en geen motor hê nie as wat u u kinders vir uself en vir hulle HERE verloor?

Die eerste wal by sulke gejaagde huisgesinne wegraak, is die rustige tyd van ouers en kinders saam met die HERE.

Maar, om nou tot ons onderwerp terug te keer, ons het gesê dat *die* beste tyd vir huisgodsdiens *die* maaltyd is.

Watter maaltyd?

Elke maaltyd!

Hoekom sou ons ons liggame drie keer per dag voed en ons siele slegs een maal?

In baie huisgesinne waar nog wel huisgodsdiens gehou word, word dit beperk tot die laaste maaltyd van die dag. Daar sit wel die mooi gedagte agter om as huisgesin saam die dag af te sluit met die Woord van die HERE; maar moet ons ons dag dan nie ook met

Hom begin nie, en is dit dan ook nie goed om op die middag, te midde van die gewoel van die dagtaak, 'n oomblik stil tot die HERE te wees nie?

Daar word verskillende besware geopper teen die drie keer per dag huisgodsdiens.

Daar is die beswaar van tydsgebrek: in die oggend en die middag is almal haastig, sê sommige ouers. Slegs in die aand is daar rustige oomblikke vir huisgodsdiens beskikbaar.

Ja, wat sal ons daarvan sê? Dit is ook maar 'n uitvloeisel van ons "hotel-eeu". Elkeen kom tuis en vertrek op 'n ander tyd.

Maar waar 'n wil is om die dag te begin met die HERE en om in die middaguur tot Hom op te sien, daar is 'n weg!

Vyf minute vroeër opstaan en 'n beter indeling van ons middagrus kan hier groot dinge verrig.

En daar waar vader of ouboet nog nie tuis is nie of al weer moet weg werk toe of klas toe, daar is moeder immers met die kleiner kinders nog daar.

'n Ander beswaar is dat so 'n driemalige huisgodsdiens so maklik ontaard in 'n sleur, 'n dooie, niksseggende gewoonte.

Ja, dit kan so word, net so maklik as wat die huisgodsdiens een maal per dag 'n sleur kan word. Dit hang van ons benadering af.

Ons eet, as ons gesond is, drie maal op 'n dag met smaak ons maaltye, sonder dat ons kla oor "sleur" en "gewoonte".

Net as ons siek is, kom ons met die nare gedagte aan tafel: ag, nou al wéér eet!

Só is dit met ons geestelike maaltye ook. As ons siel honger en dors na die geregtigheid van God wat in sy Woord geopenbaar word, sal ons nie so gou skrik vir die gedagte: nou al wéér godsdiens hou nie!

En van baie ander besware geld dieselfde: dit hang van ons benadering as ouers af.

Die beste tyd, nogmaals, is aan die maaltyd, élke maaltyd.

Dit wil nie sê dat ons drie keer op 'n dag dieselfde moet doen nie.

Ons natuurlike maaltye verskil ook al drie van vorm en inhoud.

So kan ook die vorm en die indeling van ons huisgodsdiens van soggens tot saans verskil.

As ons een ding maar vashou: ons kom saam as gesin byeen in die Naam van die HERE, om na sy Woord te luister en om Hom aan te roep in die gebed. Ons is daar byeen in 'n diens tot sy eer!

Laat ons dus eers vir 'n oomblik probeer vasstel wat ons alles met ons huisgodsdiens moet doen.

In die eerste plek moet die gesin swyg en luister, en God moet spreek.

Die Bybel neem *die* eerste plek in. By elke huisgodsdiens word daar dus uit die Skrif gelees. Oor hoe en wat ons moet lees, gesels ons in 'n volgende hoofstuk.

Daarna word ook die dank en die nood van die gesin aan die HERE opgedra. Die gebed is 'n onmisbare deel van die godsdiens, en ons kinders moet al vroeg in hulle jeug geleer word om " ... julle begeertes in alles deur gebed en smeking met dank-segging bekend ..." te maak by God (Fil. 4:6).

Ook die kind self moet aan daardie gesinsgebed deelneem, al is dit maar deur 'n eenvoudige gebedjie wat hy voor en na die maaltyd opsê.

As hulle groter word, moet ook aan hulle die geleentheid gebied word om naas die gebed van vader (of moeder as sy plaasvervangster) op kinderlike wyse die HERE aan te roep in gebed en danksegging vir die hele gesin. Dit sal hom vroeg die vrymoedigheid verleen om later te kan voorgaan waar hy tot 'n openbare gebed geroep word.

Ten slotte: laat die gebede aan tafel kinderlik en eenvoudig wees, sodat die jongste kind iets daarvan begryp.

Maar laat dit nooit kinderagtig en simpel word, sodat ons kin-

ders as hulle groot is in hulle eie huis-gesinne ook niks anders kan bid as wat hulle tuis geleer het, soos: “Vader, vir spys en drank, sê ons U ootmoedig dank. Amen”. Dis ’n mooi gebedjie vir ’n kleintjie, maar uit die mond van ’n grootmens klink dit, as dit drie keer op ’n dag herhaal word, beslis nie meer eerbiedig nie. En daar is baie (ook Gereformeerde) huisgesinne waar ek dit keer op keer teëgekom het!

Ons gebede mag ook nie maar net toegespits wees op die maaltyd, asof dit nou die grootste ding in die lewe is waarvoor jy moet bid en dank nie. Ons geloofslewe en die wêreld daarbuite mag in ons tafelgebede nie vergeet word nie, net so min as die kerk in al sy arbeid.

Ook vir die opening van God se Woord moet gebid word en vir die gawe wat ons daarin ontvang het, gereeld gedank word.

Ons het ietwat uitvoeriger op hierdie deel van die huisgodsdiens ingegaan, omdat ons binne die bestek van hierdie werkie daar slegs sydelings op kan terugkom. Dit gaan ons mos veral om ons kinders en die Bybel!

Die derde element van die huisgodsdiens is die lofsegging deur psalm en lied. Ook hieroor ’n enkele woord.

As daar ’n gewoonte van gemaak word — en mag die HERE gee dat dit weer ’n gewoonte word! —- om behalwe die borde en vurke ook die Bybel op tafel te plaas, kan ek nie sien hoekom ons ook maar nie tegelykertyd die psalmboeke ’n plek by die Bybel kan gee nie.

Ons Gereformeerdes staan bekend vir ons kennis van soveel meer psalmwoorde en -wysies as ander mense, maar ek wil *nie* graag ’n sent uitdeel vir elke psalm “waarvan ons die woorde of die melodie nog nie ken nie!

Ek sou binne ’n dag bankrot wees!

Die huisgodsdiens is ’n pragtige geleentheid om nie alleen die HERE met ons psalmgesang te loof nie maar ook om by die huisgesinne weer die kennis van ons pragtige psalmberyming op te

wek. As ons in ons gesinne weer gereeld ons psalmboeke sou deursing, sou die lofsang van die gemeente op die Sabbatdag baie meer tot Gods eer jubel!

En laat ook die heel kleintjies, wat nog geen wysie "kan hou" nie en wat ook die woorde nog nie so mooi agtermekaar kan inspan nie, maar saamsing!

"Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei" (Matt. 21:17).

Daar is vir die hemel niks skoner as 'n singende huisgesin nie, en die hel vrees daardie loflied tot Gods eer die meeste.

Luther het eenmaal opgemerk dat die duiwel vir 'n singende Christen die gouste op die vlug slaan. Ag, wou ons in ons gesinne maar meer sing, dan sou soveel duiwels van rusie, afguns en jaloersheid van ons Christenhuise af padgee! En vader en moeder moet die voorbeeld gee deur hartlik, nie binnensmonds nie, saam te sing.

Musikale talent hoef jy gelukkig as God-lower nie te hê nie: alleen maar 'n hart wat die HERE ken.

Daar is nog 'n vierde element in ons godsdiens wat ongelukkig by die huisgodsdiens (ek erken dit self ook met skaamte) gewoonlik oor die hoof gesien word. Dit is die element van die barmhartigheid teenoor ons naaste. In die kerk kollekteer ons vir die armes, vir die sending, vir Bybelverspreiding en nog 'n honderd ander dinge.

En dit is reg; Jakobus sê: "Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jou vlekkeloos te bewaar van die wêreld" (Joh. 1:27).

Barmhartigheid is dus een van die noodsaaklike kenmerke van 'n gesonde godsdienstige lewe.

Een van die redes waarom ons in ons dae so moet kla oor die gebrek aan barmhartigheid, ook by ons eie mense, is dat ons

daardie deel van ons godsdienstige lewe so dikwels heeltemal oorgelaat het aan die kerk, die staat en liefdadigheidsinstellings terwyl dit in ons huislike godsdienstige lewe geen rol meer speel nie.

Die huisgodsdiens is die regte plek om hierdie barmhartigheidselement weer in ons diens van die HERE tot sy reg te laat kom.

Hier moet ons ons as ouers en kinders weer duidelik laat verstaan " ... dat Hy (Christus), hoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word ..." (2 Kor. 8:9).En die vrywillige barmhartigheid van die Here moet ons as sy verlostes daartoe dring om ook hierin sy beeld te vertoon!

Daarom sou ek aan die hand gee dat ten minste een of twee maal per week, maar liefs elke dag, iets by die huisgodsdiens byeengebring word vir die diens van barmhartigheid in die ruimste sin van die woord.

Word daar in die gemeente 'n besondere beroep gedoen op die offervaardigheid ter wille van die armkas of die kerkboufonds of die verbreiding van die evangelie onder die arme heidene, blank of swart?

Goed, laat die kinders saam met vader en moeder gereeld iets van hulle werkloon of sakgeld afstaan vir daardie doel en dit dan as gesin na 'n bepaalde tyd op die regte plek af dra!

Ons sal verbaas wees oor die "mag van die kleine dinge"!

Dit is sente en klein silwerstukkies wat die kerk en die koninkryk van God in hierdie wêreld gebou het. Die oortjie van die weduwee het kerke en sale gebou en sendelinge uitgestuur na heidenlande!

En dit is goed as ouers hulle kinders van jongs af ook hierdie deel van die waaragtige godsdienstige lewe voorlewe en laat uitlewe!

By die Bybel en die psalmboek hoort ook die kollektesak op tafel. Al is daardie weidse naam dan ook maar die titel van 'n leë

koffieblik met ’n gleuf in sy deksel: daardie blik spreek van God se goedheid!

Dit is die vier elemente waaruit dié huisgodsdiens opgebou kan word wat waarlik sy naam werd is: Diens van God in ons huis!

Gods Woord, die gebed, die lofsang, die barmhartigheid.

Maar, sal u sê: waar haal ons die tyd vandaan om dit gereeld te doen?

Hieroor in die volgende hoofstuk.

# IV HOE, WAT, WANNEER?

Waar kry ons die tyd?

Dit is ’n vraag wat nie alleen maar in hierdie verband gestel word nie. Dis die klaagtoon wat van-dag deur ons hele gejaagde menselewe gaan: ons het nie tyd nie!

En tog het van die skepping af elke dag nog altyd vier-en-twintig uur gehad en het die son, met die reëlmaat wat al God se werke kenmerk, op- en ondergegaan.

Die moeilikheid lê dus nie by die HERE en sy werke nie: die moeilikheid lê by ons!

Ons wat sê dat ons so verskriklik besig is — waarmee is ons besig en hoe?

Is ons as Christene, soos ons moet, waarlik in ons daaglikse arbeid besig in die diens van die HERE of in ons eie diens? Is dit nie dikwels die laaste nie, en is dit nie juis die afgod van die eie-ek wat ons so deur ons onrustige lewe aanjaag nie? Wil ons maar al meer en maar al gouer geld verdien om God met ons gawes te eer of om vir onsself die grootste gerief, gemak en voordeel te behaal? En wat maak ons en ons kinders met ons so geprese “vrye” tyd as ons ons werkdag agter die rug het?

Soek ons daarin ook eerste die koninkryk van God en sy geregtigheid of ons eie vermaak en vooruitgang?

En dan is ons in al daardie gejaag na wind dikwels nog so ontsettend ongereeld ook, iets wat vir die opvoeding van ons kinders baie nadelig is.

’n Kind floreer slegs in reëlmaat, in vaste gewoontes. As daar gesê is: ons eet om sesuur, dan moet dit sesuur wees! Baie van ons ongedissiplineerde jeugdiges het ongedissiplineerde ouers: vaders wat ongereeld tuiskom en moeders wat onreëlmatig hulle take verrig. Kyk u huislike lewe maar ’n bietjie deur, leser, en u sal by uself heelwat van die onordelikheid vind waaroor u by u kinders

so kla! Vyf minute later opstaan as wat u weet dat u moet, tien minute langer kuier of oor die foon gesels, 'n kwartier laat van die werk af: dis daardie minute wat ons gesinne ruïneer.

Nog een faktor moet genoem word wat maak dat ons vir die belangrikste in die lewe van ons kinders, hulle geestelike opvoeding, nie genoeg tyd het nie.

Dis die feit dat ons verleer het om ons huisgesin as die kern van ons samelewing te beskou en te behandel. Ons begin baie kere al met ons kinders daarmee. Die skool en (veral!) sy buiteaktiwiteite: sport, spel, debat, operette, kermis en wat daar nog meer mag wees, neem 'n integrerende deel van ons kinders se tyd, aandag en krag in besit. En ons as ouers juig dit dikwels toe en moedig dit aan: Jan het verlede Saterdag so 'n pragdrie gedruk, en Ma-riet jie het 'n goue medalje op die kunswedstryd gewen! Hierdie uitvloeisel van ons verhumaniseerde en veramerikaniseerde skoolstelsel het al baie slagoffers gevra, ook in Christenhuisgesinne. En ons staan ons kinders maar goedsmoeds of kwaadskiks daarvoor af. En dan moet party van die arme goedjies ook nog kursusse en lesse volg buitekant die huis: klavier, judo, sang, boks, tennis en ek weet nie wat nog nie, want Pieterse se kinders doen dit ook, en my kinders sal niks minder presteer nie!

Maar die Bybel leer ons dat ons kinders juis van die kinders van die wêreld onderskei moet word; óók in hulle kennis en belewing van die huis-gesin as God se grootste skeppingsdaad!

Waar soek ons as huisgesin ons ontspanning? Hou vader soveel van voetbal en mag daar geen Saterdag verbygaan nie of die hele gesin moet saamgesleep word of anders gaan vader alleen? Wanneer speel vader dan 'n bietjie voetbal met die seuns in die agterplaas? En moeder is so lief vir 'n film, 'n "goeie" film dan natuurlik, met veel spanning en veel trane en 'n "happy end"! En daar gaan ons: "Inry toe", en só word ons Gereformeerde kinders gereelde bioskoopgangers en verveelde kerkgangers.

Wanneer gesels moeder dan rustig met haar dogters oor die

belangrike dinge in hulle jong lewe?

Ons het huisbywoners in pleks van huisbewoners geword en alles onder die leuse: Sonnige Suid-Afrika lok na buite!

Asof God se goue son ook nie op óns tuintjie skyn nie!

Maar van die son en ons tuin nou weer na die Bybel en ons kinders: dit is vir ons tog sekerlik nou duidelik dat as ons net wil, ons tyd kan maak vir 'n rustige en gereelde huisgodsdiens.

As ons maar net wil, as ons hart maar soos Dawid s'n in Psalm 42 skrééu na die lewende God!

Ons moet ons hart daaroor deursoek en nie ons werk en ons omstandighede nie.

Dit is die groot antwoord op die vraag van ons hoofstuk: Hoe, wat, wanneer?

Die praktyk kom dan vanself in orde.

Hier is 'n paar gedagtes oor daardie praktyk.

**Die oggendgodsdiens:**

Dit kan bestaan uit die lees van 'n kort gedeelte uit die Skrif, 'n gebed waarin God se bystand gevra word vir die werk én die spel van die dag asook vir die bewaring vir sonde en ongeval, terwyl afgestuit word met die sing van 'n bekende lof psalm op God se goedheid en mag.

Hierdie oggenddiens is nie die tyd vir langdurige ondervragings uit die gelese gedeelte of onderwys daaruit nie. Is daar vrae wat by ouers of kinders opkom, kan daar vanaand op ingegaan word. Die groot gedagte moet hier wees dat ons as verbonds-gesin ons dag met 'die HERE ingaan.

Ook by die gekose gedeelte uit die Skrif word met hierdie gedagte rekening gehou. Psalms, Spreuke, Prediker en ander gedeeltes uit die digterlike boeke van die Ou Testament, asook Handelinge en die briewe van Paulus is geskikte stof vir die oggendgodsdiens. Maar veral nie — en dit geld ook vir die ander gesinsdienste — veral nie lukraak lees of dieselfde gedeeltes oor en

oor nie!

**Die middaggodsdiens:**

Ook hier weer in die eerste plek 'n kort gedeelte uit die Bybel.

Miskien kan hier meer nadruk gele word op verklarende gebruik van die Skrif, veral as moeder en die kleintjies nie haastig hoef te wees vir die middag nie. Die groot gedagte hier kan wees: Ons worstelstryd in die lewe van elke dag en gepaste gedeeltes kan gelees word uit die profetiese boeke van die Ou en Nuwe Testament. Die profete het midde-in die volle lewe gestaan en oor allerlei daaglikse probleme die lig van die Woord van die HERE laat straal.

Die gebed sal dan ook allerlei sake wat in die gesinslewe opgeduik het, voor die aangesig van die HERE bring: die werk van vader, die skool van die kinders, die moeilikhede van moeder, die vreugde en die smart van die kleintjies. Weer word afgesluit met die sing van 'n bekende psalm.

**Die aandgodsdiens:**

Dit is die hoofgodsdiensoefening van die huisgesin. Meestal sal vader en ouboet albei by die huis wees, en die dagtaak is grotendeels deur almal afgehandel. Die maaltyd moet só vroeg begin dat dit rustig afgesluit kan word, ook al is daar nog 'n vergadering of 'n funksie wat bygewoon moet word. Veral hierdie huisgodsdiens, voordat die kinders gaan slaap, moet gekenmerk word deur rus en kalmte.

En hier moet al die elemente waaroor ons in 'n vorige hoofstuk gespreek het, tot hulle reg kom.

Ter wille van die jonger kinders word die nadruk gele op die verhalende gedeeltes van die Skrif, en elke geskiedenis word deur middel van vraag en antwoord rustig bespreek. Veral moet vader probeer om in elke gebeurtenis van God se volk wat beskryf word, op Jesus Christus, die Middelaar van die Verbond, te wys, want om Hom gaan dit in die hele Skrif.

Hier is dit ook die geleentheid vir huiskatkisasie, waarop ons later nog uitvoeriger sal ingaan. Die tekste en verse wat geleer moet word, kan opgesê en verklaar word en ook sekere dinge uit die Skrif-gedeeltes van vanoggend en vanmiddag, wat vir die ouer kinders veral moeilikhede opgelewer het, kan bespreek word. Daarby moet vader en moeder ook nie bang wees om so nou en dan te sê dat hulle dit nie verstaan nie, want hoewel die Skrif duidelik is in die weg van saligheid, is daar tog ook gedeeltes wat moeilik is om te verstaan, soos selfs Petrus moes kla! (2 Pet. 3:16). En ons moet nooit die alwyse probeer speel nie, want daarmee kom ons én ons kinders bedroë uit. Ons kan onderneem om sulke sake in ons familie-Bybel aan te teken en met huisbesoek met die ouderling of predikant te bespreek, hoewel hulle ook nie altyd alle antwoorde kan verstrek nie!

Na die Bybellees en die kategetiese onderrig volg dan die diens van barmhartigheid, 'n Dringende saak in die koninkryk van God kan bespreek word, en elke kind gooi, nadat vader en moeder die voorbeeld gegee het, sy gawe in die "kollektesak" Die grotes, wat al self verdien of sakgeld ontvang, gee uit hulle eie beurs, en die kleintjies ontvang spesiaal vir die geleentheid hulle muntstukkie.

Die godsdiensoefening word dan, na die psalm-gesang, afgesluit met 'n eenvoudige gebed, waarin die HERE gedank word vir sy bewarende hande oor ons lewe en vir die heerlikheid van sy Woord en waarin sy nabyheid afgesmeek word vir die donker nag. Ook die node van gesin, kerk, skool en volk word aan die Almagtige opgedra, waarby ons moet oppas om nie in algemeenhede te verval nie, maar om elke saak konkreet voor die oë van die kinders af te skilder. Bid maar gerus vir die ma van vriendjie Jan wat siek is en vir die huisgesin 'n blok verder waar daar 'n sterfgeval was!

Die hele huisgodsdiens moet egter draai om die Woord van die Here oor ons lewe vir tyd en ewigheid, en die lees en bespreking daarvan moet die grootste gedeelte van ons tyd in beslag neem.

Maar nou nogmaals: die tyd! As mens goed huisgodsdiens wil

hou, hoeveel tyd sal dit dan nie kos nie!

Wel, laat ons sê dat ons aan die oggend- en middaggodsdiens tien minute bestee en aan die aandgodsdiens ’n halfuur, met so nou en dan ’n langer “sessie' van, sê maar, veertig minute op Sater-dag- en Sondagaande — is dit dan te veel gevra vir die geestelike heil van ons kinders?

Sou dit onmoontlik wees as ons werklik wil?

Sou ons vyftig minute van ons vier-en-twintig uur aan die God van die verbond en aan die kinders van die verbond wou afstaan?

Of lê dit werklik buite ons vermoë?

# V DIE HUISKATKISASIE

'n Belangrike maar ook dikwels verwaarloosde aspek van ons godsdienstige opvoeding is die huis-katkisasie.

Hierdie huiskatkisasie moet ten nouste aansluit by die kerklike kategese, ja, moet daarvan die voedingsbron wees.

Die predikant, wat volgens sy beroepsbrief verantwoordelik is vir die kategetiese onderrig van die dooplidmate, kan feitlik niks verrig as die huiskatkisasie nie gedurigdeur op peil gehou word nie.

En maar alte dikwels bereik daardie huiskatkisasie op sy hoogste die peil van: gou-gou die “katkisasieversie” hoor net voordat die kinders op pad is kerk toe, terwyl die hele week sonder aandag vir die katkisasiewerk verbygegaan het.

By die kerklike katkisasie gaan dit ook nie om ’n “versie” of ’n “teksie” nie, maar daar word volgens ’n vasgestelde skema die hele leer van die saligheid met die kinders behandel, terwyl hulle ook nog onderrig ontvang in kerkgeskiedenis en ander Belangrike sake.

Al daardie dinge moet in die ouerhuis noukeurige aandag ontvang.

By elke aandhuisgodsdiens behoort ’n sekere deel van die katkisasiewerk van die kinders na vore te kom.

As ons kinders in verskillende katkisasieklasse is, kan daar vir elke klas se werk een aand per week spesiaal uitgehou word. Die betrokke kind weet dan ook: Woensdag- of Donderdagaand moet ek my katkisasielesse ken, want dan sal vader daarna vra!

Hierdie huiskatkisasie kan ’n normale onderdeel van die huisgodsdiens vorm sonder dat daarmee ekstra tyd gemoeid is.

'n Ander metode is om elke aand die week ’n paar minute aandag aan ’n sekere vak, te gee, bv. Maandagaand Bybelgeskiedenis, Dinsdagaand Kerkgeskiedenis, Woensdagaand tekste en psalm-

verse, Donderdagaand die Kategismus, ens.

Aan die einde van die week bly daar dan 'n paar aande oor vir algemene herhaling.

In 'n gesin waar sowel groot as klein kinders is, kan dit vir die kleintjies van groot belang wees om iets te hoor van dinge waarby hulle in hulle klas, nog nie gekom het nie, terwyl dit vir die grotes 'n aansporing sal wees om vir kleinboet en kleinsus hulle kennis te wys!

Ook op die wyse kan die huiskatkisasie 'n integrerende deel van die huisgodsdiens vorm sonder tydverspilling.

En só word die band tussen kerk en gesin op die natuurlikste wyse verstewig en gaan die kinders die weeklikse katkisasies tegemoet met volle vertroue in hulle kennis van wat geleer moet word.

Vir die leraar is dit altyd 'n genot om kinders uit sulke huisgesinne te mag katkiseer. Hulle sit tenminste nie soos verskrikte diertjies en wag totdat die "kwaai dominee" op hulle sal toesak nie!

Goed gewapende lidmate groei uit huisgesinne waar aan die huiskatkisasie gedurende elke dag van die week voldoende tyd en aandag bestee is.

Sulke ouers hoef werklik nie "beskaamd te staan as hulle met die vyande spreek in die poort nie" (Ps. 127:5).

## VI HELPENDE HANDE

Maar as u dit nou alles gelees het, sal sommige van u miskien vertwyfeld uitroep, wie is tot dit alles in staat?

Ons beskik nie oor die kennis en die bekwaamheid van 'n opgeleide opvoedkundige om alles só perfek te reël en uit te voer nie!

In die eerste plek sou ons wou sê: Probeer dit net, en u sal met verbasing sien wat die eenvoudigste en ongeleerdste ouer kan doen onder die seën van die HERE. God gee nie alleen die opdrag aan verbondsouers om hulle kinders in die weg en wet van die HERE te onderrig nie, Hy gee ook sy bekwaam-makende genade.

Dit kom nie op geleerdheid aan nie maar op 'n liefdevolle hart en 'n vaste wil in die uitvoering van ons goddelike opdrag. Luister saam met u kinders maar kinderlik na die Woord van die HERE en die vrugte groei vanself aan hierdie boom.

Maar dan is daar in die tweede plek vandag so-veel helpende hande wat na ons as ouers uitgesteek word om ons by te staan met die godsdienstige opvoeding van ons kinders.

Daar is verskeie handboeke oor Bybelgeskiedenis, kerkgeskiedenis en die Kategismus wat oorsigtelik en duidelik die lyne trek waar dit om gaan en wat vir ouers en kinders van onskatbare waarde is by hulle huislike godsdiensoefeninge.

Dan is daar kaarte en atlasse van Bybellande wat teen 'n redelike prys te verkry is en wat nie alleen vir elke seuns- en dogterskamer 'n sieraad is nie maar wat ook voortreflik aandui waar en wanneer ons ons die toneel van die Bybelgeskiedenis moet voorstel.

Deur ons eie mense is daar ook mooi en interessante boeke geskryf oor die agtergrond van die Bybel, die kerkgeskiedenis en die leer van die kerk wat veral deur ouers en ouer kinders met vrug gebruik kan word om hulle geloofskennis te verdiep.

Dagboekies uit die Bybel en die Kategismus kan ook 'n goeie

diens bewys, maar hier moet versigtig gekies word uit die massa wat daar is.

Dikwels word ons so iets aangebied deur allerlei groepe en sektes wat van die werklike Woord van God sóver afwyk dat hulle lewensgevaarlik is.

As u 'n boek koop, koop dit by iemand of by 'n boekhandel wat u ken.

Vra in twyfelgevalle maar liewer eers raad by a predikant.

Maar 'n goeie reeks hulpbronne is in ons tyd, met al sy geestelike verwarring en sy groot probleme, feitlik 'n onmisbare saak vir ouers wat erns wil maak met hulle doopsbelofte. Ons behoort in elke gesin 'n biblioteek op te bou waartoe veral die groter kinders ook vrye toegang het.

Een ding moet egter in die oog gehou word: daardie hulpmiddels mag nooit die Bybel, die Woord van die lewende God Self, verdring nie!

Dit is die eerste en die laaste Gesag wat in ons gesin moet spreek.

Daarom: die beste hulpmiddel by ons godsdienstige opvoeding is dat elke skoolgaande kind sy eie Bybel en Psalmboek moet hê. Dit bring hy na die tafel as daar geëet word, en dit gaan na sy slaapkamer as die aand gedaal het. En vader en moeder sien toe dat daardie Boek ook deur die kind in sy binnekamer gelees word!

# VII SAAM KERK TOE

Ons het tot dusver nog steeds gepraat oor aspekte van die godsdienstige opvoeding binne die vier mure van die huis.

Maar as gelowige huisgesin tree ons ook na buite.

En een van die eerste plekke buitekant die huis waarheen ouers hulle verbondskinders sal neem, is die kerk.

En met die kerk bedoel ons dan in die besonder die weeklikse samekomste van die gemeente van Jesus Christus waaraan ons behoort.

'Daar ontmoet die Verbondshoof sy verbondsgemeente.

Daar is die teken en seël van die verbond aan ons kinders bedien, daar spreek die HERE die Verbondswoord tot sy gemeente, daar staan die tafel van die verbond aangerig en daar beoefen ons in die eerste plek die gemeenskap van die heiliges met die ander bondelinge van die HERE.

En tot daardie bondelinge behoort ook ons kinders.

Tot daardie kinders kom dus ook die Woord van die HERE in die samekoms van die gemeente.

Daarom hoort ons kinders ook van kleins af gereeld onder die bediening van die Woord te verkeer. Hulle moet in die kerk opgroei, omdat die kerk ook húlle kerk is.

Baie ouers meen dat die besit van klein kinders nou ’n verskoning kan wees om nie meer die kerk gereeld te besoek nie. Maar dit is juis ’n aansporing om elke Sabbatdag daar te wees!

Sommige mense beweer dat ’n kind van die preek tóg niks begryp nie en dat dit daarom onsin is om hulle saam te vat kerk toe. Die kind moet dan wag totdat hy groot genoeg is om iets te begryp.

Afgesien van die feit dat daar in die kerk ook nog soveel ander dinge gebeur wat die kind wél kan verstaan (dink byvoorbeeld maar aan die bediening van die Doop, waarvoor selfs die kleinste kind groot belangstelling het en na ’n gepaste verduideliking al

baie van kan begryp), moet ons nie te gou sê dat ’n kind niks van die prediking en die Skriflesing begryp nie. Met gedurige verduideliking deur vader en moeder sal die kind al gou ’n goeie, hoewel kinderlike, begrip hê van wat in die kerk gebeur.

Daar hoor hy dieselfde Woord wat tuis ook elke dag gelees word; daar sing ons dieselfde psalms wat ons by ons huisgodsdiens sing.

Gou-gou word die kerk vir hom ’n plek waar hy bekende dinge weer ontmoet, en wie vergeet die blye uitdrukking op die gesiggie van sy kleinste as hy vir die eerste keer ontdek dat hy die voorgelese gedeelte herken of die opgegewe psalmvers kan saamsing?

En wanneer vader by die Sondagse navraag oor wat van die preek onthou word (dit moet ’n vaste instelling wees wat selfs baie “slaperige” ouers in die kerk aandagtig kan hou!), bemerk word dat die groter kinders niks kan navertel van die preek van daardie oggend nie, word dit tyd dat die ouers meer aandag gaan gee aan hierdie saak.

Dit mag nodig wees om Jan of Marietjie gedurende die diens beter dop te hou. Dit mag óók nodig wees om ’n aand met die predikant te gaan praat oor sy preke en hom mooi te vra om tog ’n bietjie eenvoudiger te preek! Oor wat ons in die kerk doen en wat die betekenis van al die handelinge daar is, het in die laaste tyd ’n paar mooi boekies verskyn, o.a. van prof. J.P. Jooste en ds. P.J. de Bruyn, sodat ons nie hier daarop hoef in te gaan nie.

Nog ’n enkele opmerking oor die aanddiens. In die algemeen word dit deur baie belydende lidmate, met of sonder verskoning, ontstellend swak besoek.

En die dooplidmate skitter dikwels heeltemal deur hulle afwesigheid.

Dit, broeders en susters, behoort onder ons nie so te wees nie!

Die HERE spreek elke Sondag twee maal deur sy Woord, en wie is ek om myself en my gesin dan ongehoorsaam van Hom af weg te keer!

As dit die HERE behaag om twee maal op ’n Sabbat met ons in sy Woord te spreek, kan ons nie gaan sê dat ons aan een maal genoeg het nie.

En ouers wat aan hulle kinders hierin “n voorbeeld van ongehoorsaamheid stel, moet maar daarop reken dat hulle kind, wanneer hy groot is, ook ongehoorsaam gaan wees, miskien selfs ongehoorsamer as sy ouers.

“Gehoorsaamheid is beter as offerrande.” Dit geld ook, en veral, in die diens van die HERE.

Verskonings van “koue”, “te laat opbly”, “more weer vroeg skool”, en sulke stories is — nou ja — maar net ... stories!

Twee maal per Sondag kerk toe is die normale vir elke gesonde Christengesin waarvan die geestelike eetlus nie deur die gees van die wêreld en sy gemaksug bederf is nie. Minder as twee maal is die uitsondering, nie net vir vader of moeder nie maar ook vir die kinders.

God spreek nét so goed tot die kinders, omdat hulle saam met hulle ouers ook sy verbondskinders is.

Elke skoolgaande kind vat ook soos sy ouers ’n Bybel en ’n Psalmboek saam, sodat hy spoedig tuis is in hulle heilbelaaide bladsye.

Vroeg word hy geleer om die hoofstuk en die psalms op te soek, en eerbiedig luister hy na die verkondiging van die Woord. Daartoe is nodig dat die hele gesin bymekaar in die kerkbank sit, sodat die ouer na sy kind en sy houding tydens die diens kan oplet.

Moenie dat die koster of die ouderling na ons kinders kyk nie!

Die gesin gaan as gesin kerk toe, en as gesin sit hulle saam.

Wat is mooier as ’n kerkbank vól kinders, aan weerskante van vader en moeder, hulle gesiggies aandagtig opgehef na die kansel?

Ek, as dominee, weet nie van iets mooiers in die kerk nie.

Jammer dat soveel kerkbanke gedurig leeg is.
Daar moes gesinne gesit het. Miskien ú gesin, of hoe?
Want dis die Gód van ons huisgesin wat daar wil spreek!
“Maar ék en my huis, óns sal die HERE dien”.
Ook op Sondag!

# VIII OOK DIE SKOOL

'n Baie belangrike deel van die lewe van ons kinders word deur die skool in beslag geneem. Van hulle sesde lewensjaar af totdat die volwassenheid aan die deur van liggaam en siel klop, is ons binders deel van die skoolgemeenskap. Nie net die oggend» ure nie maar ook hulle vrye tyd staan onder die invloed van die skool. En deesdae word feitlik die hele lewenstempo van 'n gesin met skoolgaande kinders deur die skool en sy binne- of buitemuurse aktiwiteite beheers. Die stelling dat die skool die huisgesin beheers, is sekerlik nie te vergesog nie.

Hoe dit ook al sy, dit is vir ons tog duidelik dat die skool 'n geweldige invloed op die godsdienstige lewe van ons kinders het. Mens sou oor hierdie invloed alleen al 'n boekdeel vol kon skrywe!

Daar kom hulle in aanraking met kinders uit allerlei godsdienstige én ongodsdienstige gesinne; daar word hulle gereeld beïnvloed deur onderwysers van allerlei lewensopvatting; daar bestudeer hulle die werke van tientalle skrywers wat, elkeen op sy eie vakterrein, probeer om die kinders te laat deel in hulle uiteenlopende gedagtes en idees.

Direk en indirek het elke vak op skool én elke na-uurse aktiwiteit met die Bybel te doen. Ons gedagtes oor aardrykskunde, biologie, geskiedenis en ons houding teenoor sport, spel en kultuursake het alles te doen met die waarde wat ons aan die Bybel en sy inhoud heg.

Die Woord van God is nie maar net 'n wegwyser na die ewigheid nie, maar dit is ook God se Verbondswet vir sy verbondskinders oor hulle lewe van elke dag.

Ook die skool staan onder die gesag van dieselfde Woord as waaronder die huisgesin moet buig.

Die groot vraag by die skoolopvoeding van ons kinders is dus nie maar net: watter matriekresultate hierdie of daardie skool

lewer nie, maar: Watter plek neem die Skrif in die onderwys van ons kinders in?

Daar is al duisende kinders met pragtige matrieksyfers die wêreld ingestuur wat juis as gevolg van verkeerde beïnvloeding deur die skool ver-wronge gedagtes oor God en sy werke koester. En só is hulle geen wins vir ons volkslewe nie maar staan hulle oop vir allerlei gevaarlike “winde van verandering” wat ons volksbestaan ondergrawe.

Meer as een seun of dogter uit ’n diep godsdienstige gesin het al deur afgewaterde onderwys geestelik verongeluk. Baie vaders en moeders van ons volk treur vandag oor kinders wat wél ’n goeie posisie in die maatskaplike lewe beklee maar wat deur hulle “geleerdheid” vir die kerk van die Here verlore is.

Die invloed van die skool op die kind kan nie maklik oorskat word nie. Vanselfsprekend hang baie af van die ouer en sy voorbeeld by die huis: dit is immers die primêre lewenskring en die fundamentele opvoeding. Maar die feit dat die ouer vandag onder ons onderwysbedeling byna heeltemal van sy seggenskap oor die onderwys van sy kinders beroof is en dat die onderwys ten alle koste deur ’n “algemene Christelikheid” gekenmerk moet word, is ’n sluipende gevaar wat helaas deur slegs weinig ouers ingesien word.

Daar is — nogmaals helaas! —- ’n groot verskil tussen die lewenstyl van ’n goed-Gereformeerde gesin en die sfeer wat in baie skole heers, waar soveel verskillende invloede hulle probeer laat geld.

Die skool moet die verlengde van die huisgesin vorm, maar in baie gevalle leer die kind daar presies die teenoorgestelde van wat hy van kleins af in die huis gehoor het.

Natuurlik is ons dankbaar vir wat deur baie gelowige onderwysers as geestelike leiers van ons jong geslag gedoen word — hulle aandeel aan die bewaring van soveel heerlike erfgoed is geweldig groot!

Maar hulle stem is dikwels die van een wat roep in die woestyn as dit gaan om die uitlewing van die Doopbelofte van die ouer ook in die skoolonderrig van sy kinders.

'n Skool wat “tog óók nog wel Christelik” is, is ’n gevaar vir die toekoms van kerk en volk.

Dit is nie hier die plek om die oplossing van die vraagstuk van waaragtige Christelike onderwys te gee nie, maar die gevare van ons hedendaagse stelsel van staatsskole sal in ’n groot mate ons huislike Bybelonderrig aan ons skoolgaande kinders bepaal.

Nou kan jy teenoor dreigende gevare en aan-valle tweërlei houding inneem: die verdedigende en die aanvallende.

Ek is bang dat ons in die verlede, net soos van-dag nog, alleen maar verdedigend, korrigerend op-getree het teen baie dwalinge wat die kinders van *die* skool af huis toe gebring het.

Baie van ons ouers besit eenvoudig nie die kennis en ontwikkeling om op wetenskaplike gronde die evolusie-gedagtes, byvoorbeeld, wat wel by die voordeur van ons skole geweer word maar wat by die agterdeur weer binnegesmokkel word, te kan weerlê nie.

En as die kind dan kom met vrae oor skepping en onderhouding van die wêreld, oor die “oermens” en sy ontwikkeling, moet ons maar tevrede wees

Met ’n skouerophalende: “Kind, ek weet tog ook nie; vra maar vir die dominee!”

En die geloofskrag van meer as een opgroeiende seun of dogter is deur ons eie onmag en onkunde miskien dieper geskok as oor pertinente ongeloofsteorieë wat uit die mond van ’n ongelowige onderwyser gekom het.

Die kind soek vastigheid in sy lewe.

En as hy dit nie by ons Bybelse opvoeding kry nie, sal hy dit by die onbybelse sg. wetenskap gaan soek.

Ons moet meer aggressief Gereformeerd word!

Die vernaamste kenmerk van die Calvinisme was juis altyd dat dit nie ’n enkele lewensterrein onaangeroer gelaat het nie.

Orals moes die woord klink: “So spreek die HERE!”

Die Gereformeerde het nog nooit die stryd vermy nie maar dit inteendeel juis gesoek.

Maar hoe lyk dit dan vir my of ons in die laaste tyd so saf en so — verskoon maar die woord — pap Gereformeerd geword het: bang om teen die algemene opinie in te druis, veral as “geleerder” mense as ons anders dink as wat ons geleer het?

Ons is — ook as ouers — meer en meer geneig om ’n sintese, ’n versoening te soek tussen geloof en wetenskap, in plaas van alles, ook die wetenskap, voor die onverbiddelike eis van totale gehoorsaamheid aan die Woord van die HERE te stel.

Ons kinders word daarvan die ewige slagoffers!

Dit moet anders word: Gereformeerde ouers moet weer op die slagveld kom; die volle wapenrusting van die geloof moet ook in ons huisgesinne weer aangetrek word!

Dit sal vanselfsprekend offers kos om die Skrif ook in die skoolopvoeding van ons kinders weer die plek te laat inneem wat dit toekom.

Is ons daartoe bereid?

Wat moet dan gedoen word?

In die allereerste plek moet ons as ouers weer ten volle belang stel in alles wat met die skool te doen het.

Die staat het nou wel alle verantwoordelikheid vir die onderwys feitlik vir homself toegeëien, maar was een van die oorsake daarvan nie ’n volslae gebrek aan werklike belangstelling by ons as ouers nie? Ons kom nog wel by die “skoolsport” of die “konsert” (as óns kind tenminste deelneem!), maar wat van al die ander dinge waarby die ouers nog meer belang het as by die liggaamlike en “kulturele” ontwikkeling van ons kinders?

Ons dink byvoorbeeld aan die verkiesing van skoolkomitees en

beheerrade waar die meeste van ons skitter deur ons afwesigheid, terwyl ons daar tog die enigste ouerverteenwoordiging het wat ten minste nog iets beteken.

Al kan ons ons doopbelofte dan ook maar baie gebrekkig daar uitlewe, al kom ons Gereformeerdes dan ook dikwels nie tot hulle reg nie, geen ouer het reg om te kla as hy nie sy stem daar op 'n verantwoorde wyse uitgebring het nie.

In die tweede plek beteken dit dat die ouer weer saam met sy kinders sal moet studeer.

En daarmee bedoel ons nie dat ons sal toesien dat ons kinders hulle huiswerk doen nie, maar dat ons werklik saam met hulle die studieboeke ter hand neem.

As dit gaan om Geskiedenis, Wetenskap, Biologie, Aardrykskunde en feitlik elke skoolvak, mag ons nie die kind aan die genade van skrywers en onderwysers oorlaat nie.

Ons moet ons gedurig saam met die kinders

afvra: Is dit nou werklik soos dit hier staan of soos dit in die klas gesê is? Wat sê die Bybel?

En dan mag ons nie skroom om met ons verskille skool toe te gaan nie.

Iemand het eenmaal vir my gesê: "Julle Gereformeerdes het in die samelewing alleen maar "nuisance-value ".

Laat dit so wees: ons kan nie op groot getalle roem nie, maar die waarde van die Gereformeerde beginsel moet ook deur ons as ouers telkens weer op alle terreine van die lewe en nie die minste daar waar dit om ons kinders gaan nie, baie beslis onder die aandag van andersdenkendes gebring word, al beteken dit vir sulkes dan ook alleen maar 'n "nuisance".

Die eenvoudigste getuienis van 'n gelowige ouer het groter waarde as dit.

In *die* derde plek mag ons stryd vir waarlik Christelike onderwys volgens ons doopbelofte nooit gestaak word nie.

Die meeste van ons is tevrede as daar op ons skole tog maar net uit die Bybel vertel word: dan is dit tog nie onchristelik nie!

Bybelgeskiedenis maak geen Christelike skool nie!

Geslagte lank stry ons nou al om terug te wen wat ons onder die staatskoolstelsel verloor het, maar ons kan eenvoudig nie vorder nie.

Omdat ons as ouers ons verantwoordelikheid afskuif op ander "instansies".

Ons moet weer wakker word: netnou is dit te laat!

Maar nogmaals: dit is nie hier die plek om op die skoolstryd in te gaan nie.

Waar alles op neerkom, is: ons moet weer saam met ons kinders lewe!

En: ons moet saam met ons kinders weer op elke terrein uit die Bybel gaan lewe!

# IX LEWE UIT DIE BYBEL

Dit is waar dit eintlik om gaan in die gelowige opvoeding van ons kinders: om saam met hulle uit die Bybel te lewe!

Al ons georganiseer om sake in gesin en samelewing te verbeter sal ons niks baat as ons nie bereid is om ook as ouers in volstrekte gehoorsaamheid aan die Woord van God te leef nie.

In ons tye van verdriet mag ons saam met ons gesin troos vind in die Woord van Hom wat gesê het: “Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee”.

Daarin moet ons ons kinders voorgaan.

In tye van vreugde mag ouers en kinders saam gelowig oor Gods Woord buig en dit saam met die Psalmdigter uitjubel: “Loof die HERE, want Hy is goed; sy goedertierenheid duur tot in ewigheid”.

Daarin moet ons ons kinders voorgaan.

Wanneer ons as gesin voor ’n keuse staan, mag ons saam bid: “HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie”.

Daarin moet ons ons kinders voorgaan.

Nooit en nêrens mag vader en moeder optree sonder dat hulle rigsnoer die Bybel is nie.

Slegs wanneer ons seuns en ons dogters óns daagliks met en uit die Skrif sien lewe, sal hulle opvoeding vrugte dra.

Die kind moet uit ons lewe leer dat elke begeerte wat hy koester, gedra moet wees deur die vraag: “Here, wat wil U hê moet ek doen?”

'n Vader en moeder wat miskien wel getrou die eredienste bywoon maar wat hulle op weeksdae laat lei deur hulle eie drifte en drange van allerlei aard of wat dit maar ’n bietjie gemaklik neem in hulle daaglikse handel en wandel, moet nie om ’n seën oor hulle opvoeding vra nie.

Die Bybel wil nie net voorgelees word nie maar ook voorgelééf!

Kinders is opperste pragmatiste; hulle vra: “Wat beteken dit vir my, wat kan ek daarmee doen, wat baat ek daarby?”

Ons mag hulle laat sien dat mens baat vind by ’n Bybelse lewenswandel — tydelike en ewige baat.

Dit is ontstellend moeilik.

Want ook vader en moeder sit nog so vol van sonde en gebreke.

Ook hulle moet telkens uitroep: “Ek ellendige mens: wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?”

Watter ouer ken nie daardie stryd dat hy telkens moet erken dat hy nie in praktyk bring wat hy verkondig nie?

En ons kinders sien dit so goed raak, ook al sal hulle miskien buig onder die gesag van die “grootmense”.

Daar gaan so baie om in ’n kinderhart waar ons nie van weet nie.

Vader en moeder moet dan ook maar telkens weer eerlik wees met hulle kinders en hulle vertel van die swaar stryd wat elke mens met sy sondige natuur het, met die “liggaam van hierdie dood”.

Maar nou is dit ook die heerlike in die lewe en werk van ’n gelowige ouer dat hy nie hoef te bly staan by daardie ellendeklanke van Paulus nie maar dat hy saam met die apostel ook mag juig: “Ek dank God deur Christus Jesus, onse Here!”

En dit mag ons aan ons kinders ook vertel: “Dit is ’n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word: dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is”.

Daar het dit om gegaan by die doop van ons kinders: Jesus Christus ... “verseël aan ons dat Hy ons was in sy bloed van al ons sondes ... sodat ons van al ons sonde vrygemaak en regverdig voor God gereken word...”

En daar gaan dit om in die hele Bybel: Christus is daarvan die

“Alfa en die Omega, die begin en die einde”.

Wie uit daardie eerlike en nederige geloof lewe, ’n geloof wat geen eiesinnige en selfgenoegsame mense duld nie, die sal ook saam met sy kinders weer kind kan word.

Dit is die groot geheim van ’n Christelike opvoeding: om saam met jou seuns en dogters iets te leer van sonde en genade, van stryd en oorwinning, van die ewige Vaderliefde van God wat daar is in Christus Jesus onse Here.

Aan Hom kom toe die lof en die eer en die danksegging.

Elke dag: ook in ons gesin.

Rondom sy Woord!

# X. ONTHOU U NOG?

By die doop van u kinders het u “JA!” gesê op die volgende vrae:

Ten eerste, hoewel ons kinders in sonde ontvang en gebore is, en daarom aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis self onderworpe is, erken u ewenwel dat hulle in Christus geheilig is en daarom as lidmate van die gemeente behoort gedoop te wees?

Ten tweede, erken u dat die leer wat in die Ou- en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof vervat is, en in die Christelike Kerk alhier geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is?

Ten derde, beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind as dit tot *sy* verstand gekom het, van wie u die vader en die moeder is, in die leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?

Hierop het u geantwoord:

Ja!

Onthou u nog?